

Hoofstuk van die dag: Jesaja 49

Hy het gesê: Dit is nie genoeg dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel en om die Israeliete wat gered is, terug te bring nie; Ek maak jou ’n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik. (vers 6)

God se plan met sy dienaar Israel was tweërlei: hulle moes na hulle eie mense omsien en die afgedwaaldes terugbring, en hulle moes ’n lig vir die nasies wees. Dié taak het Israel nie regtig reggekry nie, en uiteindelik stuur God sy Seun om die werk as Dienaar van die Here te kom doen. Later dra die Here Jesus dié taak aan ons op as Hy in Joh 20:21 sê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”
Ons dink dikwels dat ons nie opgewasse is vir dié taak nie. Ons is immers gebroke sondaars. Maar juis in ons gebrokenheid klink ons getuienis die helderste (vers 7). En buitendien doen ons dit nie in eie krag nie. “Ek sal jou help. Ek sal jou beskerm,” verseker die Here ons (vers 8). Jou naam is op sy handpalms gegraveer (vers 16). Jy kán nie sy aandag ontglip nie!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke

Hoofstuk van die dag: Jesaja 48

> *Ter wille van my Naam bedwing Ek my toorn, ter wille van my eer tree Ek nie op teen julle nie dat julle nie vernietig word nie. (vers 9)*

Wanneer God na sy mense kyk, is daar baie wat Hom ontstel: hulle aanbid Hom nie eerlik en opreg nie (vers 1); hulle is hardkoppig en weerbarstig (vers 4); van geboorte af is hulle al oortreders (vers 8).
Ek wonder dikwels wat God sien as Hy na óns kyk. Dieselfde, en nog meer? Beslis. Ons het immers nie die sondeval vrygespring nie (al is daar deesdae mense wat beweer die sondeval is sommer nonsens); ons is van ons geboorte af met sonde belaai, soos Dawid in Ps 51:7 bely.
En tog, te midde van die verdoemende uitspraak van God oor Israel staan in vers 9: “Ek tree nie op teen julle dat julle vernietig word nie.” Dís genade. Onverdiende guns. God spaar ons, nie oor wie óns is nie, maar oor wie Hý is: “Ter wille van Myself en daarom alleen,” sê Hy in vers 11.
Ek weet nie van jou nie, maar ek staan verstom oor wie God is, en is vervul met verwondering en dankbaarheid.



Hoofstuk van die dag: Jesaja 47

> *Jy het gedink jy sal altyd bestaan, altyd heers. Jy het nie aan die gevolge gedink nie, jy het nie gedink aan wat sal gebeur nie. (vers 7)*

Babel was ’n instrument in God se hand om die Jode tot inkeer

te bring, maar sy het haar hand heeltemal oorspeel. Sy het met die Jode gemors en hulle in die grond in vertrap. Babel het op haar eie bose dade vertrou en selfversekerd gedink niemand sien dit raak nie. Sy het gedink sy is enig in haar soort en daar is niemand soos sy nie. Maar sy het ’n groot fout gemaak. Nou gaan ’n ramp haar oorval, ’n ramp wat sy glad nie kan besweer nie.
Hierdie hoofstuk is ’n waarskuwing aan elke mens wat te veel van hom- of haarself dink, wat meen sy is in beheer van haar eie lewe; wat omstandighede manipuleer om die meeste voordeel daaruit te put; wat dink daar sal nooit ’n dag van afrekening kom nie.
God sê hier: moenie jouself bedrieg nie. Hy weet wat aangaan. Hy sien ons en Hý bepaal wat van ons word. Daarom moet ek en jy beskeie wees en Hom vir ons lewe en toekoms vertrou. Jyself is nie self in beheer nie.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Jesaja 46

> *Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red. (vers 4)*

Jesaja praat hier met Jode wat dink die gode van Babel is magtiger as Jahwe. Hulle is egter niks anders nie as uitgedinkte afgode. Jy kan hulle ronddra en verskuif, maar dis ook al. Hulle kan jou nie help nie.
God is nie so nie. Hy dra jóú. Jy kan Hom nie met iets of iemand vergelyk nie (vers 5).
Miskien wonder jy wat dit met ons te doen het. Jy het nog nooit ’n ander god aanbid nie. Dis waar ons die fout maak. Calvyn het gesê die mens is ’n afgodsfabriek. Alles waar ons ons hand aan slaan, alles wat ons met ons oë kan sien, alles waarop ons ons hart kan rig, dit alles het die potensiaal om ’n afgod te word. Want dit gaan oor die vraag: wat is in die finale instansie my anker in die lewe? Wat is die dinge wat my laat wakker lê? En wat is dit wat ek glo my probleme sal oplos?
Wie, of wat, dra jou deur die storms van jou lewe?



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Jesaja 45

Wie het wat nou gebeur, lankal aangekondig? Wie het al vantevore gesê dit sal gebeur? Is dit nie Ek, die Here, nie? Daar is buiten My geen God nie; net Ek is ’n God wat regverdig is en red. (vers 21)

Ons aanbid die enigste lewende, ware God, soos Hy ook in hierdie hoofstuk self sê – Net Hy kan vooruit sê wat gaan gebeur; Hy alleen is God, regverdig, die Een wat red; daar is geen ander gode naas Hom nie (vers 21-22). Hy heers oor groot en magtige konings, soos Kores, en neem hulle in diens (vers 1-7); Hy is die bron van alle redding en krag (vers 8, 19, 24); Hy is die Heilige van Israel (vers 11) en die Redder van Israel (vers 15); Hy spot met die afgodsdienaars (vers 16, 20); Hy is die Skepper van die heelal (vers 18) en die Here voor wie elke knie uiteindelik sal buig (vers 23).
Die enigste gepaste reaksie as ’n mens dié dinge lees, is verwondering en heilige ontsag vir ons wonderlike, onvergelyklike God. Voor Hom kan ons net diep in aanbidding buig. En die beste van alles is: Hy is ons God! Hy het Hom aan ons verbind! Halleluja!

- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom

Hoofstuk van die dag: Jesaja 44

> *Julle is my getuies: is daar ’n God buiten My? Daar is geen ander Rots nie; Ek weet van geeneen nie. (vers 8)*

In die grootste gedeelte van hierdie hoofstuk spot die Here met mense wat vir hulle afgode maak en hulle dan verbeel dat dit iets werd is. “Wie maak nou ’n god, giet ’n beeld wat nie kan help nie!?” vra Hy in vers 10.
Inderdaad, niks wat aards is, kan jou op die lange duur dra, help, troos of hoop gee nie. Dit is dinge wat net die Here kan gee. Daarom verbyster dit my telkens weer dat daar mense is wat steeds hulle hoop en vertroue op ander dinge stel. Dit kan geld of politiek of mag of sulke dinge wees. In die laaste tyd lees en hoor ’n mens al meer van mense wat hulle eie intellek vertrou en in hulle gedagtes met geloof en met God afreken en ewe selfbelangrik verklaar dat God ’n mensgemaakte produk is waarsonder hulle kan klaarkom. “Almal wat so ’n god aanhang, word teleurgestel,” verklaar Jesaja (vers 11).
So die vraag is, as jy baie eerlik is – waarop stel jy jou vertroue?

Onlangse Bydraes

- Juda

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026